



## Week van Gebed 2016

### Onderwerpe

1. *Maandagaand*: Geroep om boodskappers van vreugde te wees (Jesaja 61:1-3; Filippense 2:1-5)
2. *Dinsdagaand*: Die getuienis van gemeenskap (Jeremia 31:10-13; Psalm 122; 1 Johannes 4:16b-21; Johannes 17:20-23)
3. *Woensdagaand*: 'n Priesterlike volk geroep om die evangelie te verkondig (Genesis 17:1-8; Psalm 145:8-12; Romeine 10:14-15; Matteus 13:3-9)
4. *Donderdagaand*: Die liefdesgemeenskap van die apostels (Johannes 13:34,35; Handeling 2:37-42)
5. *Vrydagaand*: Gasvryheid en gebed (Jesaja 62:6-7; Psalm 100; 1 Petrus 4:7b-10; Johannes 4:4-14)
6. *Saterdagagaand*: Harte brandend om saam te wees (Jesaja 52:7-9; Psalm 30; Kolossense 1:17-19 en Lukas 24:13-36)

### Vooraf

"Wees altyd bly. *Bid gedurig*. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag" (Tessalonisense:16-18), skryf Paulus aan die gemeente in Tessalonika, die hoofstad van die destydse Romeinse provinsie Masedonië.

Judas skryf sy minder bekende brief aan ongeïdentifiseerde Christene oral in die bekende wêreld van destyds. Hulle en hulle geloof in Jesus Christus, is sterk teengestaan, soos ons ook dikwels vandag beleef. Die Boodskap vertaal Judas se aanmoediging (1:20,21) só: "My liewe vriende, kom ek sê vir julle wat julle moet doen om op die regte pad te bly: Sorg dat julle geloof dag na dag sterker word. Bou julle hele lewe op God. *Laat toe dat die Gees kragtig deur julle werk wanneer julle bid*. Laat God se liefde julle omring soos 'n sterk muur. Plaas al julle hoop op die ongelooflike goedheid van ons Here Jesus Christus. Hy gee so baie vir julle om dat Hy vir julle die ewige lewe sal gee".

Paulus skryf aan Timoteus (1e brief, 2:1). "Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek *met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense*, vir die wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid".

Hier is drie belangrike gebedsperspektiewe. Bid gedurig. Fokus op die Heilige Gees se werk wanneer ons bid. Bid vir alle mense. Kom ons hou dít in gedagte as ons saam voor ons Here buig gedurende die 2016 week van gebed en daarna.

Vir die voorbidding oor die ses dae van die 2016 gebedsweek sluit ons aan by die Wêreld Raad van Kerke se *Week of Prayer for Christian Unity*. Ons fokus saam in ons gebede op die voorgeskrewe temas met die oog daarop om die eenheid van Christus se kerk, die onderlinge verbondenheid en die gemeenskaplike roeping van Christus se dissipels te versterk. Die verskillende gebedsdae fokus op verskillende aspekte van die kerk se lewe in eenheid. Elke keer as ons bid onthou ons die verband tussen roeping, getuienis, gemeenskap, gestuurdheid, gasvryheid en verbondenheid.

Mag die Here ons gesamentlike gebede en smekinge uit genade en liefde verhoor.

Ons dank aan Lisel Joubert (NGK), Wessel Cronje (RCA), Eugene Beukes (VGK), Gideon van der Watt (NGK), Donald Gantana (VGK) en Johannes Kofa (NGKA), lede van die deelnemende kerke van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis van die NG Kerkfamilie wat die riglyne geskryf het. Mag die Here die week van gebed 2016 ryklik seën.

*Eddie Orsmond, Donald Gantana, Gideon van der Watt* (Namens die Taakgroep van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis van die NG Kerkfamilie)

### **Uitgangspunte van die Skrywers**

Die volgende uitgangspunte lê agter die opstel van die riglyne vir die Week van Gebed 2016:

- Die doel van die Week van Gebed is *om saam te bid*. Ons bring die werksaamhede van die gemeente en die kerk in ons eenheid met die wêreldkerk, vir die jaar wat voorlê, in gebed voor God se aangesig.
- Ons kies doelbewus om in die riglyne die *klem op gebed* te plaas. Die oordenkings is kort geskryf om daarmee meer ruimte te maak vir ons saam bid. Die riglyne wil wel help om die gedagtes rondom spesifieke temas los te maak.
- Gebed is nie maar net een geestelike aktiwiteit tussen vele ander nie. Gebed is in die eerste plek 'n ingesteldheid en houding wat ons hele manier van lewe inkleur en bepaal. In ons binnekamer maak ons seker dat ons op God gefokus is, sodat ons op God gefokus kan lewe óók in ons buitekamer. Só word ons hele lewe gebed.
- Die Week van Gebed is 'n intensiewe binnekamer vir die gemeente met die oog daarop om die jaar se aktiwiteite aan te pak met 'n doelbewuste fokus en oorgawe aan God en in eenheid met broers en susters van ander denominasies. Die gebeds-byeenkomste wil ons help om met God se

dinge besig te wees op só 'n manier dat God altyd self in die sentrum staan. Oopstelling en beskikbaarstelling vir God kry daarom die klem.

- Ons bied die riglyne aan in die vorm van oordenkings met enkele voorstelle vir gebedsonderwerpe. Die skrywers het elkeen 'n eie aanpak tot die riglyne. Daarmee wil ons verskeidenheid invoer vir gebruik by die ses geleenthede.
- Ons dink ook doelbewus daaraan dat die gemeente en kerk as die “liggaam van Christus” deur ons werksaamhede Jesus se menswees voortsit in hierdie wêreld, gedurende 2016.

Ons gebed is dat die Here ons gemeentes en breër kerklike werksaamhede in 2016 sal gebruik om die koninkryk van die hemel ook op die aarde te laat kom.

*Donald Gantana, Lisel Joubert, Wessel Cronje, ds. Kofa, Eugene Beukes en Gideon van der Watt, lede van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis van die NG Kerkfamilie.*

# Dag 1: Geroep om boodskappers van vreugde te wees

Jesaja 61:1-3 en Filippense 2:1-5

## 1. Vreugde kom van die Here.

In vandag se wêreld is daar baie mense wat op verskeie wyses probeer om vreugde na te jaag. Meeste mense, indien nie elkeen van ons nie, smag na 'n vreugdevolle lewe. God se kinders wat in krisissituasies verkeer, wat treur, bedruk voel en moeilike omstandighede en lewensuitdagings ervaar – sal sekerlik hoop op God se besondere teenwoordigheid ten tye van hulle worstelstryd.

Wanneer die profeet in Jesaja 61:3 God se profesie oordra aan die Israeliete, maak hy van drie beelde gebruik. Volgens Jesaja beskik die Here dat sy besorgde kinders die volgende gawes ontvang: sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid en 'n gewaad van lofprijsing vir 'n verslae gees. Die Here het eens vir Jesaja geroep – vandag roep hy vir jou en my – om die goeie nuus te verkondig van God se ingryping in die lewens van mense in nood. Jesaja het verkondig: “Die Gees van die Here het oor my gekom; die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring.”. Wie van ons is nie bly om 'n slag sulke goeie nuus te hoor nie?

## 2. 'n Kroon van sieraad in plaas van as

In Jesaja se tyd was dit die gebruik van mense wat treur of mismoedig was, om plat op die grond te lê en as oor hulle lywe te strooi. Terwyl die persoon wat treur of ly in hierdie toestand van ellende verkeer, het hulle geen olie gebruik nie aangesien dit beskou was as 'n simbool van God se sorg – daar is slegs in 'n gesindheid van wanhoop getreur.

Diegene wat oorweldig was deur die uitdagings van die lewe het figuurlik op die ashoop gaan sit. Daar is niks mooi aan as nie. Maar God se Woord hou die belofte in dat God sy verbondsvolk se uitdagende, onaangename, wanhopige en aaklige situasie sal verander in iets moois. Hy was bereid om hulle van die ashoop van die lewe op te tel en te verander in lewens vol skoonheid.

God is bewus daarvan dat ons dikwels pyn en lyding in die lewe ervaar. Maar onthou: God kan ook ons uitgebrande, wanhopige situasie ten goede verander. Bill Gaither het die volgende lied geskryf:

“Something beautiful, something good  
All my confusion Jesus understood  
All I have to offer him is brokenness and strife  
But he made something beautiful out of my life”

Ons kan berusting vind daarin dat als wat God aanraak, verander in 'n pragstuk. Al wat jy vandag benodig is om deur die hand van die Meester aangeraak te word ...

## 3. Vreugde-olie in plaas van rou

Mense het olie op hulle gesigte gesit om dit te laat blink en te verlewendig. In plaas van die ontsierlike effek van rou op die roubeklaer se gesig, het olie 'n vrolike beeld geskep. Gedurende tye van rou, het roubeklaers doelbewus geen olie aan hulle gesig gesmeer nie, sodat ander mense bewus kon raak van die feit dat hulle treur.

In die Bybel is olie 'n simbool van die Heilige Gees. Sy aanraking en teenwoordigheid in ons lewens word vergelyk met die effek van olie op die vel. Wanneer die Heilige Gees ons aanraak word ons blink en verlewendig soos olie wat op die vel aangewend word. Ons het elke dag die Heilige Gees se aanraking in ons lewens nodig. Ons moet eerder fokus op die goedheid van die Here in plaas daarvan om negatief te raak oor die wêreld se impak op ons.

#### **4. 'n Gewaad van lof in plaas van 'n gees van swaarmoedigheid**

Die gees van swaarmoedigheid verwys na innerlike pyn, depressie, gevoelens van verwerping, hopeloosheid, selfbejammering en neigings tot selfdood. Die wortel van hierdie gees van swaarmoedigheid vind sy ontstaan in 'n gebrek aan lofprysing, bitterheid oor omstandighede en 'n gevoel van ondankbaarheid. Die gees van swaarmoedigheid poog om ons vreugde te steel en ons te verhinder om God se seën in ons lewens te ervaar.

Die gewaad van lofprysing, wat aan Israel beloof is in die tyd van Jesaja, was 'n geskenk van God sodat hulle geestelik kon floreer. Dit is vandag nog steeds net so op ons van toepassing. Dit help ons om aardse uitdagings en probleme vanaf God se perspektief te sien en dit stel ons in staat om hierdie uitdagings met sy genade aan te pak. Daarom mag jy nie die knie buig voor die gees van swaarmoedigheid nie. Gebruik die Woord van God as 'n swaard. As die duivel jou probeer oortuig dat jy nie goed genoeg is nie, kan jy gerus die boodskap van 2 Korintiërs 5:17 onthou: jy is 'n nuwe skepsel. Wanneer die duivel sê dat jy nie gered is nie kan jy vashou aan die belofte van 1 Johannes 5:12-13 sodat jy sekerheid kan hê oor jou geloof. As die probleme van die lewe by jou spook onthou dat God, volgens 1 Petrus 5:7, wil hê dat jy volkome op Hom moet vertrou. As jy gewonne voel, hou vas aan Romeine 8 – ons is meer as oorwinnaars in Christus en niks kan ons skei van sy liefde nie.

Om die Here te eer gee ons die krag om in geloof te bly volhard. Dit maak die stem van die duivel stil. Ons moet onself letterlik beklee met lofprysing, dit aantrek soos 'n kleed. Op dieselfde wyse as wat ons soggens besluit watter uitrusting ons gaan aantrek, moet ons besluit om ons lewe te leef as 'n loflied tot eer van God. Dit is 'n wilsbesluit. Die kleed van lofprysing laat geen ruimte vir vyandige magte om ons aan te val nie.

#### **5. The teken van Christus**

In Filippense 2 skryf Paulus van die merk van Christus wat op ons moet wees. Die merk van Christus moet sigbaar word in ons gesindheid en strewe om Christus Jesus te volg en gelyk te word aan sy karakter. Hierdie gesindheid verkondig wat Christus vir ons aan die kruis gedoen het en rig ons in ons optrede. Dit maak ons ook gewillig om te doen wat God van ons verwag – as kinders van God wil ons graag gehoorsaam wees aan Christus.

Michael Blankenship verduidelik dat bogenoemde te doen het met jou teologiese oortuiging. (gedemonstreer met 'n waskom water en 'n handdoek). In Matteus 27 neem Pilatus 'n waskom en was sy hande om te wys dat hy nie deel het aan die komplot teen Jesus nie. Pilatus het geweet wat reg is, maar het gekies om eerder te luister na wat mense van hom verwag. Hy het sy verantwoordelijkheid ontduik en probeer oordra na iemand anders.

In die Evangelie van Johannes, hoofstuk 13, neem Jesus 'n waskom water en doen meer as wat iemand van Hom kon verwag. Hy bedien daarmee sy dissipels en was hulle voete. Die waskom van Jesus staan in skrilte kontras teenoor Pilatus se waskom. Pilatus het sy waskom gebruik om sy verantwoordelijkheid te ontduik. Jesus het sy waskom gebruik om sy verwantwoordelik op te neem.

**6. Gebedstemas:**

- Dank God vir sy beloftes van nuwe lewe deur Christus.
- Bid vir die moed om Jesus te volg en om gehoorsaam te wees aan die wil van God.
- Bid dat God ons sal help, as kerk, om die boodskap van goeie nuus uit te dra in tye van swaarkry en hopeloosheid.

## **Dag 2: Die getuienis van gemeenskap**

Jeremia 31: 10-13; Psalm 122, 1 Johannes 4: 16b-21; Johannes 17:20-23

Die fokus van hierdie nadenke sal Jeremia 31: 10-13 wees, wat later in gesprek gebring sal word met die Nuwe Testamentiese tekste.

Al die gekose tekste vir vandag herinner ons ten diepste daaraan dat ons nie bedoel is om alleen gelowig te wees nie. Ons is aan mekaar gegee – geskenke van God vir mekaar, nie net vir tye van dans, lag en feesvier nie, maar ook vir tye van vrees en hartseer.

Die konteks van die boek Jeremia is 'n krisiskonteks: Die era van die heerskappy van koning Josia (626 vC) tot met Koning Jojagin se dood in ballingskap na 582 vC. Driemaal het Juda in opstand gekom teen Babilonië en is die room van die bevolking weggevoer en in 587/86 is die tempel ook vernietig. 'n Wêreld met sekerhede het inmeekaargetuimel. Oorlog en onderdrukking is altyd die arena van geweld, verkragting, hongersnood en hooploosheid. Die profeet Jeremia probeer hieruit sin maak, in lig van dit wat hy van God weet.

In die middel van die boek Jeremia vind ons hoofstukke 30-33 wat genoem word “Die klein boekie van vertroosting” (“Little Book of Consolation”). Dit is die kleiner konteks van Jeremia 31:10-13. O'Connor skryf: “Only shreds of hope appear in this book to counterpoise the deep river of devastation, grief, and despair that pervades most of it...” 'n Mens se eerste reaksie op die woorde is dat dit darem te erg is. Hoe preek mens dan Jeremia? Miskien moet ons herinner word daaraan dat vir baie mense in ons wêreld en land vandag, hoop ook min en ver is, maar tog daar. Dit is juis te midde van moeilike tye wat ons as kerk getuig dat die hoop nooit individueel moet wees nie, dat ook ons lyding, soos ons feesvier, in gemeenskap gebeur. Dit is belangrik vir die prediking, want om bloot vers 10-13 te interpreteer op die vreugdetrant wat jy daarin herken, miskien jy die konteks van trauma waarbinne die vreugde geantisipeer word. Die gevaar is altyd 'n oppervlakkige oproep tot geluk wat die realiteit van mense se swaarkry nie erken nie.

Jeremia visualiseer 'n gesamentlike nuwe toekoms. Die toekoms word gesien in lig van wat die profeet van God weet. Hierdie profetiese kennis oor God is gebore uit ervarings in die geskiedenis.

Oor God word gesê: Hy maak bymekaar wat Hy verstrooi (vers 10); Hy pas sy skape soos 'n wagter op (vers 10); Hy red hulle uit magte sterker as hulle (vers 11); Hy gee die goeie (koring, olie, wyn en kleinvee) (vers 12).

Die gevolg van wie God is op die gemeenskap: Hulle floreer (vers 12); jong meisies en mans en ou mans dans van blydschap (vers 13); droefheid verander in vreugde; hulle sal getroos word, bly wees en sonder kommer.

Die profeteboeke maak mens soms ongemaklik. Hoe help woorde van vreugde wat nog nie gerealiseer het mense te midde van krisis? Is dit nie soos daardie paaiwoorde wat ons te maklik in tye van verlies aan iemand meedeel nie. Die profete gebruik sogenaamde “prophetic perfects” (Pilkington), naamlik verlede tyd wat praat oor God se aktiwiteit asof verlossing reeds gebeur het, alhoewel in die realiteit dit nog nie so is nie.

Tog is profetiese woorde gegrond in sekere Godsverstaan en mensverstaan. Gaan dit oor die hoop wat realiseer? Of die ingesteldheid wat uitgeleef word, gebaseer op die gemeenskap se oortuigings van wie God is?

Wat het ons hier? Ons het woorde van oorvloed te midde tye van skaarste. Ons het belofte oor God as wagter wat bymekaar maak en versorg. Ons het beelde van momente van feesvier. Dit is nie onbekende getuienis aangaande God nie. Al die dinge is al in die verlede uit God se hand ervaar en kan dus weer in die toekoms gebeur.

Die grootste getuienis oor God is om as gemeenskap saam in krisis te hoop op God en saam in uitkoms te feesvier. In Jeremia was die volk nog oppad na herstel, daar was miskien nog nie eers duidelike tekens nie, maar ook die proses van herstel, die wegbeweeg uit gebrokenheid is gemeenskaplik. Saam oppad na heelword. 'n Gemeenskaplike verwagting

In die Nuwe Testament kry die idêe van saam oppad in fees en smart nuwe betekenis omdat Christus nou die hoof van die *ekklesia* is of die “Nuwe gemeenskap”. I Johannes 4:16b-21 herinner ons dat die toetssteen van ons getrouheid aan God, ons getrouheid aan ons naaste is. Dit is in ons naasteliefde wat ons belydenisse staan of val en die getuienis na buite eg of vals is.

Johannes 17:20-23 herinner ons dat die eenheid gewortel is in God se eenheid, dat ons eenheid getuienis word van God se eenheid. Eenheid in die pad na herstel, te midde van lyding, te midde van vreugde – mense daar vir mekaar- sonder woorde- is die getuienis wat die wêreld soek. Die wêreld teer op berigte dat besluite kerke kan skeur, die wêreld word verras as ons mekaar in diversiteit en verskeidenheid (ook van opinies) kan omhels en dra. Hoop as getuienis is hoop in gemeenskap.

#### **Gebedstemas:**

- Bid dat ons werklik bewus sal word van mekaar se vreugdes en smarte
- Christene in ons land die groter prentjie van herstel sal raaksien en saam daarheen sal werk en daarna sal smag
- Ons God weer sal herken as een wat kan en wil herstel
- Dat in ons gesamentlike smag ons 'n eenheid reflekteer waarin die wêreld God as bron van herstel en heling sal raaksien
- Heilige Gees ons sal inspireer om simboliese en aktiewe maniere te vind in ons eie gemeenskap om gelowiges te herinner dat God ons aan mekaar gegee het.

Allen, L.C. 2008. “Jeremiah”. The Old Testament Library. Westminster John Knox Press. London;  
O'Connor, K.M. 1998. *Women's Bible Commentary*. Westminster John Knox Press; Pilkington, C.E.  
2001. *The Lectionary Commentary*. (ed RE van Harn). William B Eerdmans. Grand Rapids. Michigan.



## **Dag 3: 'n Priesterlike volk geroep om die evangelie te verkondig**

Genesis 17:1-8; Psalm 145:8-12; Romeine 10:14-15; Matteus 13:3-9

### **1. God bevestig sy verbond met Abraham**

Genesis 17 handel oor die bevestiging van God se verbond met Abraham en sy nageslag deur middel van die instelling van die besnydenis as verbondsteken. In die eerste vers stel God nie net 'n eis aan Abraham nie, maar dui ook aan hoe hy aan daardie eis moet voldoen. Die eis is: “Lewe naby My en wees opreg” (Nuwe Afrikaanse Vertaling). Dit is selfs beter uitgedruk in die 1953 Vertaling van die Bybel in Afrikaans: “Wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees”. God gee dus aan Abraham die opdrag om slegs in God se teenwoordigheid te leef en in elke besluit wat hy moet neem met God rekening te hou.

Die verbond (waarvan in hoofstuk 15 reeds melding gemaak is) het hier te doen met die verbond van die besnydenis, alhoewel dit eers in vers 10 – wat buite die voorgeskrewe perikoop val – ter sprake kom. Dit is God wat hier op eie inisiatief 'n vaste verhouding (die verbond) tussen Godself en Abraham skep indien Abraham hom hou by die raad van God in die eerste vers.

Deur die gebedshouding wat Abraham inneem huldig hy God as Koning en word aan hom die belofte gemaak dat hy die vader van baie nasies gemaak sal word. Dit word van God se kant af duidelik gemaak dat die verbond blywend van aard is. Die oprigting van die verbond tussen God en Abraham dui op die geldigheid (vir sover dit God aangaan) van die verbondseise en beloftes ook by die beloofde nageslag van Abraham. Die konsekwensie hiervan is dat Abraham en sy nageslag 'n profetiese roeping in die wêreld het (van Selms).

### **2. God van ontferming**

Die skrifdeel uit Psalm 145 is die laaste van agt akrostiese liedere in die Psalmboek en is ook die laaste psalm van Dawid. Kidner noem dit 'n “Alphabet of praise”. Verse 8 en 9 besing die ontferming van God. Vers 8 herhaal die selfopenbaring van God by Sinai feitlik woord vir woord. Dit is een van die mees aangehaalde uitsprake in die Ou Testament. Die klem in vers 10-13 val op die majesteit of koningskap van God. Die soewereiniteit van God staan vas. Dit is net soveel rede tot vreugde as wat sy ontferming waarvan in verse 8 en 9 melding gemaak word, is (Kidner).

### **3. Verkondiging van die verlossingsboodskap**

God se verlossingsplan vir die wêreld is 'n gegewe, maar ook iets wat werklikheid gemaak moet word in elke mens se lewe. Die Jode het geglo slegs diegene wat deur God gestuur en geroepe is het die reg om met hulle te praat. Paulus eien homself en ander die reg toe om hierdie heilsboodskap oor te dra (Heyneman). Romeine 10:15b is 'n direkte aanhaling uit Jesaja (52:7). In hierdie vers word nie die lof van denkbeeldige nie, maar van werklike verkondigers van die evangelie besing (Ridderbos). In die Romeine perikoop is daar sprake van die boodskappers van 'n nuwe tyd waarin God koning sal wees.

Die inhoud daarvan is die verlossing wat deur Jesus Christus se lyding en sterwe gebring is. Dit behoort oraloor verkondig te word. Die bedoeling is dat diegene wat na die gepredikte Woord luister, daarin Christus self met hulle hoor spreek by monde van diegene wat deur Hom gestuur is (Jonker).

Inderdaad, dan sal die aanhoor van of die geluid van die voetstappe van hulle wat hierdie goeie boodskap bring, “wonderlik” wees!

#### **4. Die veelvuldige vrug van die evangelie verkondiging**

Die gelykenis van die saaiër maak die sentrale punt dat nie almal wat die goeie boodskap hoor (sien Romeine 10:15b) gunstig daarop sal reageer nie. Verkondiging (*kerugma*) dra nie 100 % sukses nie. Tog, wanneer verkondiging vrug dra, lewer dit veelvoudige en veelvuldige vrug.

Wanneer die priesterlike volk van God geroep word om die evangelie te verkondig, lê die grond daarvan in die waarheid dat die kerk (die Nuwe Testamentiese volk van God), as nageslag van Abraham, hierdie profetiese taak ontvang het (sien gedagtes in paragraaf 1c). In die leef van dié roeping kan hulle reken op die genade, die barmhartigheid, die lankmoedigheid en die liefde van die Here. Dis van wesenlike belang dat daar kennis geneem moet word van God se krag, koninklike mag en majesteit (Psalm 145:11 en 12).

Dit gaan egter nie net maar daaroor dat die volk van die Here'n roeping het om die goeie nuus van verlossing in en deur Christus te verkondig nie. Nee, hulle word ook gestuur om dit te doen. In hierdie taak moet daar nie moed opgegee word nie. Die kerk moet deeglik daarvan bewus bly dat bekering nie die gevolg is by almal wat die evangelie hoor nie. Nietemin moet die roeping met voortgesette toewyding en getrouheid aan die Een wat ons stuur uitgevoer word!

#### **5. Gebedstemas**

- Ons bid dat die gemeente en die kerk in 2016 plaaslik sowel as wêreldwyd sal voortgaan om die evangelie in die volle omvang daarvan en na die profetiese eise van die eiesoortige konteks waarin die kerk bestaan, te verkondig.

## Dag 4: Die liefdesgemeenskap van die Apostels

Johannes 13:34,35 en Handeling 2:37-42

Tema: Die dissipels was mekaar se voete omdat hulle eie vuil voete deur Christus gewas is.

Skriflesing: Johannes 13:34,35 en Handeling 2:37-42.

Op verskillende maniere en op vele plekke in die Bybel hoor ons die boodskap: liefde is die grootste gebod. Om God en ook mekaar lief te hê – daarvoor gaan die hele wet. Maar dié liefde begin by God se liefde vir ons as mense. “Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy Seun gestuur het,” So lief het die Seun ons dat Hy in ons plek aan die kruis sterf. Daarom sê die Bybel telkens: soos God julle lief gehad het, moet julle mekaar ook liefhê. In ons teksvers bevestig Jesus dit ook duidelik: “Ek gee julle ’n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van my is.” Aan ons liefde – die liefde van God in ons harte wat oorloop in naasteliefde – sal mense kan sien ons behoort aan die Here. As ons dié liefde nie het nie, dan sal hulle weet dat ons nie aan die Here behoort nie. Hierdie liefde het sekere kenmerke:

- Dis ’n liefde waarin ons self die minste word. Soos Jesus sy dissipels se voete gewas het, so moet ons mekaar in nederigheid dien en versorg. In so ’n liefde gaan dit nie om onself nie, maar om die ander persoon.
- Dis ’n liefde wat kan vergewe, wat nie boekhou van die kwaad nie. Daarom is dit ’n liefde wat maak dat ons met mekaar kan versoen.
- Dis ’n liefde wat oor grense beweeg. Dis ’n liefde wat ruimte maak vir ander mense, selfs ook mense wat nie aan ons groep behoort nie – wat anders as ons is. Daarom skryf die profeet Jesaja in Jesaja 56 oor die begeerte dat mense van verskillende tale, kulture en stamme die Here saam in sy tempel kan aanbid. Niemand sal dan uitgesluit word nie.
- Mense wat mekaar liefhet, sorg vir mekaar. Dis ’n liefde wat met daade bewys word en nie net lippetaal is nie. Daarom het die eerste Christene graag hulle brood en hulle huise met ander gedeel; hulle het op verskillende maniere vir mekaar gesorg.
- Dis ’n liefde wat vrede tussen mense bring, wat maak dat hulle eensgesind saam kan lewe en bid. Wanneer daar nie liefde is nie kom daar gou vyandskap tussen mense en word hulle maklik deur die Bose oorwin. Vyandskap maak die deur oop vir die vyand.
- Maar liefde beteken ook dat ons mekaar kan vermaan, reghelp en waarsku – juis omdat ons vir mekaar lief is.

### 1. Liefde in die kerk

Dit is belangrik dat daar liefde in die kerk en elke gemeente sal wees. Ons is immers deel van die een Liggaam van Christus waarvoor Hy sy lewe afgelê. As ons as kerklidmate vir mekaar lief is, sal ons vir die wêreld ’n voorbeeld wees. As ons mekaar nie liefhet nie en verdeeld is, sal die wêreld nie die kerk se boodskap glo nie, al praat ons ook hóé baie oor God se liefde.

Dis veral belangrik dat daar liefde tussen die leiers in die kerk sal wees. As leraars of kerkraadslede nie mekaar lief het nie, sal dit gou die deur oopmaak vir groter verdeeldheid in die kerk. Leiers moet vir ander ’n voorbeeld stel van nederige liefdesdiens. Wanneer daar liefde in die kerk is, sal mense ook graag bymekaar kom en die Here saam in liefde dien, net soos die eerste gemeente gemaak het.

Geliefdes, dit is elke gelowige se verantwoordelikheid en roeping om naasteliefde aan 'n wêreld in nood te wys – aan behoeftiges en almal wat ly. Die kerk van Jesus moet vir alle mense op aarde bid, dat God aan hulle goed sal doen.

## **2. Gebedstemas:**

Daarom vra ek dat ons tydens hierdie week van gebed, sal bid vir meer van God se liefde. Laat ons bid vir die behoeftiges en die siekes. Ook vir die werkloses en die wat honger is. Ten laaste, laat ons bid dat God ons reën sal gee oor die hele land sodat sy skepping voorspoedig kan leef met die vrede van Jesus. Amen.

## **Dag 5: Gasvryheid en gebed.**

Jesaja 62:6-7; Psalm 100; 1 Petrus 4:7b-10; Johannes 4:4-14

Teks: “Wees gasvry teenoor mekaar,” 1 Petrus 4:9

### **1. Vrees teenoor gasvryheid**

Ons is bekommerd daaroor dat daar in ons land soveel woede en haat is; dat dit blykbaar selfs aan die toeneem is. Onder en agter emosies van woede en haat, sit daar dikwels vrees. Daarom praat ons van *xenofobie*, wat direk met vrees vir vreemdelinge vertaal kan word. Of *homofobie* as ’n vrees vir mense met ’n ander seksuele oriëntasie as ons. Agter rassisme sit wat ons “vrees vir gelykstelling” kan noem. Vrees dat ons lewensruimte of ons lewensmiddele dalk deur die ander bedreig kan word, lei tot woede en haat. Daarom moet die ander uitgesluit, afgesonder, weggestoot, verwyder of selfs vernietig word.

Teenoor dié vrees wat ander uitsluit, stel die Bybel gasvryheid as alternatief: om die ander in te sluit, te omhels, om ruimte en tyd te maak vir die vreemdeling, om die ander te dien en met die ander te deel. Met gasvryheid kan die woede, die haat en die vrees in ons land oorwin word. Daarom dink ons vanaand oor gasvryheid en bid ons vir gasvryheid.

### **2. Ons is gasvry omdat God gasvry is**

Hoekom dan gasvryheid? Want so is God self: God sorg vir Abraham, die vader van die gelowiges wat as ’n vreemdeling en bywoner deur ’n vreemde land swerf. God sorg vir sy volk in die woestyn. Ons almal is God se gaste op aarde; Hy, die groot Gasheer, sorg vir ons. En nie net vir ons wat sy kinders is nie; God wil vir almal sorg. God seën sy volk, sodat hulle weer vir die ander volke tot seën kan wees. Dit was dwarsdeur die Ou Testament die droom: dat Israel en al die ander volke eendag saam sal kom in God se huis, saam sal aansit by God se feestafel, waar God self die Gasheer is. Daarom sing die volk van die Here in Psalm 100 van sy liefde wat geen einde het nie. En daarom bid die wagte op die mure van Jerusalem, herinner hulle God aan sy belofte, dat alle volke uiteindelik saam met Israel God se roem in Jerusalem sal besing, dié stad waar God se vrede en heerlikheid woon (Jesaja 62:6-7).

Toe Hy op aarde tussen ons mense kom woon het, was Jesus Christus, die Seun van God, ook netso. Hy was gasvry. Hy het almal na die feestafel genooi: tollenaars, fariseërs en sondaars, armes, siekes, die geringstes, mense wat deur die samelewing uitgeskuif en uitgesluit is. Hy het die verhaal van die barmhartige Samaritaan vertel om te verduidelik dat ons gasvryheid ook oor grense moet gaan. Christus self het oor die grense gegaan toe Hy by die put vir die Samaritaanse vrou water vra, en vir haar verduidelik dat nie sy nie, maar Hy die eintlike Gasheer is wat haar uitnooi om as sy gas lewende water van Hom te ontvang, sodat haar diepste dors geles kan word (Johannes 4).

### **3. Gelowiges word uitgeken aan hulle gasvryheid**

Gasvryheid is daarom een van die belangrikste kenmerke van ’n Christen se lewe. Daaraan word jy uitgeken; daarin sit jou andersheid as gelowige in hierdie wêreld. Dit is die bewys van jou geloof in God; die bewys dat jy besef dat God die Gasheer is wat vir jou sorg. Deur jou gasvryheid teenoor ander, verheerlik jy daarom vir God.

Die eerste gelowiges, vol van die Heilige Gees, was uitgeken aan hulle gasvryheid. Hulle het met blydskap saamgekom, saam brood gebreek en hulle goed met mekaar en ander gedeel. Hulle was oop

vir ander mense, hulle samekomste was gasvrye ruimtes. Juis daarom staan daar van die eerste gemeente in Handeling 2:47: “Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.”

Natuurlik is gasvryheid nie so 'n maklike opdrag nie. Dit kan selfs gevaarlik wees. Mense kan ons gasvryheid misbruik, ander kan weerstand daarteen bied. Wanneer Petrus sy brief vir gelowiges skryf, weet hy dat hulle swaar kry. Omdat hulle aan Jesus Christus behoort, word hulle vervolgt, verontreg en uitgeskuif, verduur hulle lyding. Hulle is soos vreemdelinge en bywoners in hulle eie land. Hoe moet hulle antwoord op al die lyding en verontregting? Natuurlik moet hulle op Christus bly hoop, bly glo dat Hy hulle sal vashou en sal laat deel aan sy oorwinning en heerlikheid. Maar heel prakties – so moedig Petrus die gelowiges in ons teksvers in 1 Petrus 4:9 aan – moet hulle juis in die omstandighede gasvry wees. Hierdie gasvryheid moet getuig van die liefde van die Here wat in hulle is. En dit moet daarop uitloop dat hulle ander bedien met die gawes van die Here. So sal hulle getuies van die Here wees, sal Jesus Christus deur hulle liefde en gasvryheid en diens verheerlik word. Hiervoor sal die Here self vir hulle die krag gee.

#### **4. Gebedstemas:**

Omdat gasvryheid nie iets is wat ons in eie krag kan doen nie, daarom is gasvryheid iets waarvoor ons moet bid. Ons moet dit van die Here afbid, ons moet vra dat Hy deur sy Gees vir ons die krag sal gee om lief te hê, gasvry te wees, ander te dien – al is dit soms ook hoe moeilik!

- Dank die Here dat Hy ons elkeen, soos die verlore seun, ontvang en omhels het, sonder dat ons dit verdien. Bid dat die Here ons sal help om ook netso gasvry teenoor ander te wees, ander te omhels eerder as uit te sluit.
- Dank die Here vir sy groot gasvryheid teenoor ons, dat Hy ons innooi in die ruimte van die Drie-Enige God se liefde en gemeenskap en sorg. Hy maak van ons sy gemeente. Bid dat die Here van ons gemeente 'n gasvrye ruimte sal maak, waar daar liefde en omgee is, waar ander ook sal kan tuis kom en behoort.
- Vra die Heilige Gees om ons te wys hoe ons heel prakties, in ons eie omgewing, meer gasvry kan wees.

Amen

## **Dag 6: Harte brandend om saam te wees.**

Jesaja 52:7-9; Psalm 30; Kolossense 1:17-19 en Lukas 24:13-36

Aanvangswoord (na aanleiding van Jesaja 52:7-9)

### **1. Wagte op die mure wat blye tyding ontvang**

Die wagte, op die ruïnes van die eens veilige stadsmuur,  
was by die knakpunt van hul moed ...  
Dan is daar 'n beweging op die vêraf horisonne ...  
'n haastige boodskapper vertel my verbeelding my.  
'n Blye tyding dra hy: van vrede, verlossing en troos.  
Soos die opkomende son, so verwarm die tyding van vêr af ons harte.  
Want, God keer uit Ballingskap terug na Sion!  
Die Koning keer terug na Sion  
Keer tog terug na God!  
Ons staan (weer) in jou poorte, o Jerusalem!

### **2. Elemente vir 'n oordenkingsdiens**

\* Openingsgebed

\* Oproep tot lof (kontinueer)

– Na aanleiding van Psalm 30, oor die herinwyding van die Tempel:

Die aansteek van nuwe lampe,  
maak feestelik lig.  
Ook in ons vertrapte gemoed. God keer terug na sy woonplek...geheiligd  
Vir die Here van die leërske.  
Spore van ontwyde voet, en gewelddadige soldate skoene,  
lê nog net in ons geheue.  
O gunsgete van die Here,  
Staan gereed om Hom te loof.  
Want ons weeklaag is deur koordans verslind!  
Ons ywer gloei opnuut!

\* Diens van die Woord:

- Epiklese gebed (na aanleiding van Kolossense 1:17-19)

Here, U het U woord aan ons toevertrou. Ons besef dat dit 'n ontsaglike groot verantwoordelikheid is wat op ons rus. Want ons verstaan dat ons moet vermaan, ook moet onderrig in wysheid, maar bo alles Christus moet verkondig. En u dienskneg, Paulus help ons met die kosmiese eenheidsdroom dat ons dit kan doen, sodat elke mens aan Christus in 'n afgeronde verbondendheid sal staan. Mag ons eenheid daarin uitdrukking vind. Amen.

\* Skriflesing: Lukas 24:13-36

### **3. Verkondiging**

Kom ons vertel net weer vir mekaar hierdie besondere verhaal wat onomwonde bevestig dat Jesus lewe (In die vertelling van die verhaal let op vir die volgende):

- (i) Die talle kere dat daar in die verhaal na die kruis en opstanding van Jesus as “gebeure” verwys word. Almal in en om Jerusalem was veronderstel om daarvan te weet, behalwe natuurlik die “vreemdeling” oppad na Emmaus, 12 km vanaf Jerusalem (verse 12, 14, 15, 17, 19, 21 en 30);
- (ii) Hoe God se feitelike betrokkenheid in die gebeure in taal versteek is (vers 16). Hulle is verhinder (vers 31). Hy is werklik opgewek en Hy het verskyn aan Simon (vers 34). Jesus is deur hulle herken (vers 35) (Die skrywer beklemtoon die feitelikheid in sy vertelling met die gebruik van die Griekse werkwoorde in die Aoristus Indikatief passiewe vorm);
- (iii) Hoe dikwels die tema van “saam” in die perikoop na vore tree (verse 13, 15, 24, 29, 30, 33 en 36). Dit is ’n veelvlakkige “saam wees”, want die dissipels is op een moment saam, dan verwyderd, dan weer saam. Jesus is oënskynlik afwesig, maar is in werklikheid teenwoordig (sáám) vanaf Jerusalem tot by Emmaus, tydens die ete en dan weer in Jerusalem! Selfs die teenstelling in die tydelike geografiese verwydering in vers 13 beklemtoon die gedagte van “saam wees”. Dan volg daar die hereniging van die volgelingen van Jesus in vers 33. Die Emmausgangers, dring met groot erns by die Vreemdeling aan, beide in die taal van die verteller én in hulle versoek met die woorde: “Bly (nou, eenmaal) by ons! (vers 29)”;
- (iv) Hoe die twee reisgenote se uitmergelende gesprek, waarin hulle as die oningewydes mekaar ondervra het, nie vir hulle helderheid besorg het nie, maar hulle eerder met droewige gesigte tot stilstand (vers 17 – Gr. *estathesan*) gebring het;
- (v) Teenoor die reaksie in (iv) veroorsaak Jesus se aansluiting by hulle woord-tennis gesprek (vgl. Gr. *antiballetē*) en Sy uitleg (Gr. *dihermeneuete*) van die Skrifte wat op Hom betrekking het, dat hulle eens trae harte toe brandend word;
- (vi) Hulle wie se hoop vir ’n tweede keer die spertyd bereik het (vers 21) - die einde van die “derde dag” - trotseer nie alleen die 12km lange reis terug na Jerusalem nie, maar ook die potensiële gevare op die pad om saam met die ander te wees en hul ervarings te deel;
- (vii) Die verteller het ook addisionele merkers in die verhaal geplaas om die lesers se trae harte daarmee te verhit: ons moet aandag gee by verse 15 en 30. Die vraagpartikels (Gr. *ouchi*) in verse 26 en 32 dien as bevestiging! So keer Jesus in vers 30 die sosiale reëls van sy samelewing op die kop, as Hy, die gas, die rol van gasheer oorneem, om sigbaar deur onder andere sy kruisletsels te kan aantoon dat Hy, die Gekruisigde, lewe!

#### 4. Gebedstemas

- Bid vir almal wat met uitleg van en opleiding in die Skrifte besig is; teologiese fakulteite, uitgewers van Christelike lektuur (CLF, BybelMedia, CAVA, ens), kuratoria by teologiese fakulteite, Sokhanya, NBI en ander. Bid dat almal hulle sal verbind om blywend mee te doen dat die verlossingsverhale so oopgesluit sal word dat lesers en hoorders se harte brandend sal word om by die ander aan te sluit en wedersyds bevestigende getuïenisse te gee dat Jesus leef!
- Bid vir die oogmerke en die werk van die WRK; dat die volgelingen van Jesus een sal wees, ooreenkomstig Jesus se gebed in Johannes 17.
- Bid Artikel 2 van die Belydenis van Belhar (1986), of dele daarvan vanaand: God se kerk is een (’n Kort opsomming).
- Ons glo dat God ons as Christene roep om saam te staan, saam te werk en om hom saam te dien. Daar mag nie geskeidenheid, haat en vyandskap onder gelowiges wees nie. Alle gelowiges moet God en mekaar in een kerk dien. Daarom glo ons dat dit verkeerd is dat gelowiges, wat dieselfde glo, in aparte kerke is.